
# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (50/11)*

***GESEGDE VAN DIE WEEK: "Christmas is the day when we remind ourselves that man can live in peace with his neighbours and that it is the peacemakers who are truly blessed."***
President John F. Kennedy






## Maputo Hawe

Die US$ se wisselkoers teen (R8.30) en olieprys (US$110) verhandel beide teen vlakke wat rede tot kommer vir 2012 is. Vervoerkostes word hoofsaaklik beïnvloed deur die prys van diesel wat teen die huidige prys nou 50% (normaalweg 35%) van die totale bedryfskostes van 'n vragmotor is. Spoor of meer spesifiek die amptenare in diens reageer nie op die bekommernisse soos aan hul deurgegee nie, meeste daarvan is om die stygende vervoerkostes te verlig. Dit laat die produsente met 'n mate van onsekerheid oor hoe om stygende insetkostes te verminder. Die vraag omtrent die toekoms van die olieprys kan weer net met onsekerheid beantwoord word. Wat ons wel weet is dat produsente in die Noorde 450km nader aan Maputo is as aan Durban. Beteken dit nie dat Maputo Hawe, as 'n opsie vir sitrusprodusente, sterker oorweeg moet word nie? Mitchell Brooke het 'n dokument voltooi wat die bedryfs- en kostevoordele wat Maputo aan die produsente in die Noorde kan voorsien ontleed wat gedwing word om sitrus baie verder na die hawe te vervoer as die produsente verder suidwaarts. Die bedryf teiken nou houers om die totale logistieke kostes te verminder sonder om ander lewensvatbare opsies te ondersoek. Aangesien houer-verskeping nie regtig 'n opsie is om groot volumes sitrus deur Maputo te beweeg nie, veral na Europa & VK, blyk die enigste ander opsie om die kostes te verminder te wees om die kostes van grootmaat verskeping vanaf Maputu te verminder. Die skepe is al toegelaat om vrugte te verkoel nadat dit gelaai is, sonder die voorverkoelingsopsie, maar dit was slegs op 'n kleinskaal. Hierdie skepe beskik oor enorme verkoelingskapasiteit, wat beteken dat verkoeling van sitrus na temperature ver bo vriespunt nie 'n probleem behoort te wees nie. Grootmaat verskeping deur Maputo werk goed en volgens produsente wat na Maputo hierdie jaar vervoer het, het dit goed gewerk – maak seker om die trokke by die grense te verklaar. Die gevolgtrekking is dat Maputo kan en moet as 'n "ambient" hawe gebruik word en dat produsente baie op vervoer en hawekostes kan spaar deur hierdie opsie te probeer. Kan Maputo nie as 'n opsie gebruik word om die enorme hoeveelheid pomelo's wat net aan die anderkant van die grens verbou word na Japan te verskeep nie? – daar sal uitdagings wees, maar dit kan gedoen word. Die konstruksie en ontwikkeling in die Durban Hawe sal tot die uitdagings van verskeping deur Durban, volgende jaar en die jaar daarna bydra. Maputu moet nou verseker oorweeg word. Die dokument is op die CGA se webtuiste beskikbaar http://www.cga.co.za/pages/34673.



***Justin en die personeel van die CGA wens die Direkteure, produsente en belanghebbendes 'n baie Geseënde Kersfees en 'n vredevolle en voorspoedige Nuwe Jaar toe.***

**PRODUSENTE SE HEFFINGS WORD AANGEWEND OM AKTIWITEITE VAN CGA, CRI EN CITRUS ACADEMY TE BEFONDS. VERSEKER SO 'N GLOBALE MEDEDINGENDE SUIDER-AFRIKAANSE SITRUSBEDRYF**